# PINKSTER

## HUISGELOOF

**Ons vier tradisioneel Pinkster vanaf Hemelvaart (40 dae na Paasfees) vir 10 dae tot Pinksterfees (50 dae na Paafees).** Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## DIE HEILIGE GEES
## HAND 2:1-12

### OMGEE

Het jy geweet dat die son eintlik 'n ster is? Daar is biljoene sterre in ons sterrestelsel (die Melkweg) en 'n ster is 'n reuse warm bal gas wat hitte en lig afgee. Weet jy hoe om met die Suiderkruis rigting te bepaal? Wys vir mekaar hoe of vind uit.

### DOEN

Ontsyfer saam die geheime kode deur die skakel te volg:
www.dinkjeug.co.za/ruimtekode-gestuur-deur-die-gees/
Hier is 'n uitdeelstuk oor die Suiderkruis vir kinders:
www.dinkjeug.co.za/suiderkruis-gestuur-deur-die-gees/

### GESELS

Die Heilige Gees het soos tonge vuur gelyk toe dit neergedaal het. Die Heilige Gees lei ons en gee vir ons rigting in die donker.

**Lees: Handelinge 2:1-12**

- Wat het op Pinkstersondag gebeur?
- Hoe gee die Heilige Gees vir ons krag om te getuig?
- Hoe lei Hy ons om besluite te neem?
- Hoe help Hy ons as dit moeilik gaan (donker tye)?
- Vertel van 'n keer waar die Heilige Gees jou gelei/gehelp het.

### BID

Dankie Heilige Gees dat U my help met...
krag gee vir...
wysheid gee...
lei om te...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: